deur CARLA VAN DER SPUY

'Ek het my baba WEGGEGEE'

'n Ma se onselfsugtigheid ken soms geen perke nie

"Ek het my baba afgeteken – ek het haar nie afgeskryf nie." Hierdie woorde van die pragtige jong blonde vrou ruk aan die hart.

In 'n era waar Hollywood-sterre willens en wetens stringe buite-egtelike kinders beplan en trots en byna uitdagend aan die wêreld verkondig dat hulle hul kinders as enkelma's wil grootmaak, het Tinka* (26) van Vereeniging die "outydse" uitweg gekies en haar baba vir aanneming beskikbaar gestel omdat sy daarvan oortuig is dit sal die beste lewe vir haar kind verseker. "Dit was die moeilikste besluit van my lewe, maar ek wou nie hê my dogtertjie moes in dieselfde huislike omstandighede as ek grootword nie."

Tinka se verhaal herinner aan dié van duisende ander meisies wat 'n onweerstaanbare en aantreklike droomman ontmoet het wat op die ou einde voete van klei gehad en spoorloos verdwyn het.

Sy het besluit om haar verhaal, wat 'n sterk boodskap teen aborsie uitdra, openhartig met ***Vrouekeur***-lesers te deel. Sy praat soms sagter, terwyl emosies in haar stem wil-wil deurslaan. Dan oortuig sy haarself weer dat sy die beste besluit vir haar kind geneem het en kry weer moed om aan te gaan.

Sy vertel: "Ek het swanger geword nadat ek Henk* in Augustus 2006 ontmoet het. Hy was die klassieke "*tall, dark and handsome*"-soort." Dis duidelik dat Henk haar voete onder haar uitgeslaan het.

"Ons het dadelik gekliek en mekaar stelselmatig beter leer ken. Op die ou einde was ons ses maande saam, waarvan drie maande hemel op aarde was."

Ná die aanvanklike euforie en opwinding, wat net romantiese liefde in jou lewe kan bring, het Tinka begin agterkom dat Henk uitsonderlik jaloers is. Hy was so besitlik dat sy haar doen en late elke minuut van die dag aan hom moes oordra.

"Ek moes toestemming by hom kry elke keer as ek iemand wou sien of selfs as ek my beste vriendin wou besoek. As hy my gebel het en ek nie dadelik die foon geantwoord het nie, was die duiwel behoorlik los."

Tinka is 'n toegewyde Christen en baie betrokke by jeugaksies by haar kerk. "Toe Henk daarop begin sinspeel dat ek al my vrye tyd aan die kerk afstaan, het ek besef die rooi ligte flikker vir ons verhouding."

Haar ma het haar ook teen hom gewaarsku. "Toe ek hom huis toe gevat het om hom aan my ouers voor te stel, was my ma se woorde: 'Hierdie mannetjie gaan jou nog seermaak.'"

Berou slaan in haar stem deur. "Ek was egter verlief en verlore en as 'n mens só voel, glo jy mos nie altyd jou ma nie. Dit was asof Henk 'n mag oor my gehad het. As hy my gevra het om te spring, het ek gevra hoe hoog. Hy het van sy kop af geraak as hy nie sy sin gekry het nie."

Hoewel hy Tinka nooit aangerand het nie, het sy begin bang word toe hy deure tydens woedebuie stukkend geslaan het. "Ek kan die verwoede uitdrukking in sy oë aan geen mens beskryf nie."

Uiteindelik het haar verstand oor



Corbis

haar hart geseëvier.

"Kort daarna het ek hom meegedeel dat dinge tussen ons nie gaan werk nie. Dit wat ek beleef het, is nie waaroor die liefde gaan nie. Ek sou nie met so 'n bakleiery kon saamleef nie."

Henk wou dit nie aanvaar nie.

"Dis verby," het Tinka hom meegedeel.

Sy reaksie daarop het haar hele lewe verander.

Hy het geweier om te aanvaar dat sy hom los. Met die onheilspellende woorde: "Jy gee of ek vat," het hy die deur agter hom toegedruk ...

Haar stem is skor. "Hy het my verkrag. Dit het so vinnig gebeur, maar dit het terselfdertyd soos 'n ewigheid gevoel."

'n Nagmerrie

Ná die voorval het hy haar gewaarsku dat daar groot moeilikheid sou kom as iets hiervan sou uitkom. Hy het die verkragting en later ook die vaderskap ontken.

"Ek wou aanvanklik glad nie aan die moontlikheid dink dat ek dalk swanger kon wees nie. Twee weke later het Henk spoorloos verdwyn. Ek het nie die vaagste benul waar hy is nie en ek wil ook nie weet nie."

Haar huisdokter het haar swangerskap bevestig.

Tinka was stukkend en haar gedagtes 'n warboel.

Sy het besef haar droom, wat Mnr Reg en 'n gelukkige gesin insluit, was aan flarde.

Maande van hel het vir Tinka gevolg. Sy het gelukkig klein gedra. Toe sy tydens die winter ver swanger was, kon sy dit onder haar klere wegsteek. Die min mense wat wel agterdogtig was, het sy net meegedeel dat sy 'n mediese probleem het.

"Ek het 'n maatskaplike werker gaan besoek by wie ek berading ontvang het. Gerda is 'n wonderlike mens wat my baie gehelp en onderskraag het. Ek is dankbaar dat sy my pad gekruis het.

"Ons het steeds kontak," vertel sy van die vrou by wie sy haar hart kon uitstort en wat haar gedurende haar beproewing en aanneemingsproses emosioneel ondersteun het.

Tinka vertel dat sy aanvanklik haar ongebore kind verwerp en 'n aborsie oorweeg het.

"Ek wou nie Henk se kind hê nie, maar ek het stelselmatig begin besef dat aborsie nie 'n opsie is nie. Ek het begin lief raak vir my kind. Aborsie was ondenkbaar."

Daar was egter geen manier waarop sy self haar kind kon grootmaak nie.

Tinka is 'n intelligente vrou en studeer buitemuurs verder. Hoewel sy 'n opgeleide kleuterskoolonderwyseres is, verdien sy maar sowat R2 200 per maand, waarmee sy nie haar eie blyplek kan huur en self na haar kind kan omsien nie. Sy moet dus noodgedwonge by haar ouers bly.

Haar kinderjare was moeilik omdat haar pa 'n alkoholis is en sy wou nie haar dogtertjie aan dieselfde huislike omstandighede blootstel nie.

"Ek weet hoe dit voel om in so 'n huis groot te word. Om my kind prys te gee, was die seerste besluit wat ek in my lewe moes neem. Ek moes egter die beste lewe vir my kind kies. Ek kan buitendien skaars self op my salaris oorleef."

Dis asof sy weereens haarself probeer oortuig dat hierdie verskriklike besluit die regte een was as sy sê: "Nie ek of my kind, wat in Oktober verlede jaar gebore is, het hiervoor gevra nie."

Die regte besluit

Tinka se stem word sagter en rustiger as sy vertel dat sy haar baba se aanneemouers ontmoet het en hoe die goedheid uit hulle gestraal het. "Hulle is wonderlike mense. Ek het dadelik intuïtief gevoel dat hulle die regte ouers vir my kind is. Hulle sal vir my kind 'n goeie lewe kan gee. Daarmee bedoel ek nie materiële welvaart nie. Hulle gaan haar nie na die duurste skool toe stuur nie, maar hulle gaan haar met liefde oorlaai en soos hul eie vlees en bloed grootmaak. Hulle het min beloftes aan my gemaak, maar ek het agtergekom dat hulle die beloftes wat wel aan my gemaak is, gaan nakom omdat dit met soveel eerlikheid gedoen is.

"Die egpaar stuur af en toe vir my foto's van my kind en dra deur middel van die maatskaplike werker nuus oor haar oor. Ek weet nie waar hulle woon nie en ek kan nie vir haar gaan kuier nie. Ek verkies dit só omdat kontak met my baba dinge net vir my moeiliker sal maak."

Die egpaar wat haar baba, wat soos haar aanneempa ook blonde hare en blou oë het, aangeneem het, het aan haar belowe dat hulle mooi na haar kleinding sal kyk. "Hulle het belowe dat hulle haar van my sal vertel en dat ek haar aan hulle gegee het omdat ek net die beste vir haar wou hê."

Sy het besluit om nie haar baba ná die geboorte in haar arms te neem nie. "Ek wou haar liewer nie sien nie, omdat dit vir my dan nog moeiliker sou gewees om haar te laat aanneem. Die foto's wat ek van haar sien, neem nie die verlange weg nie en dit vul ook

'Dis enige vrou se droom om 'n ma te wees'

nie die leemte nie, maar dis wonderlik om te sien hoe sy lag. Haar ogies sprankel en dis duidelik dat sy 'n baie gelukkige baba is en haar hele familie gek na haar is."

Toe haar trotse aanneempa die baba die eerste keer in sy arms geneem het, het hy haar dadelik sy *Sweetness* genoem.

Hoe voel Tinka oor die toekoms en 'n toekomstige verhouding met haar dogter?

Sy aarsel effens.

"Ek sal graag later met haar kontak wil maak en haar wil ontmoet as sy so 18 j is. Dan sal ek haar vertel dat ek dinge so graag anders sou wou gehad het as ons omstandighede net anders was.

"Dis enige vrou se droom om 'n ma te wees," sê sy verlangend. Tog glo sy dapper dat daar 'n doel met alles in die lewe is.

Wat is haar raad aan jong meisies wat voor dieselfde hartseer keuse gestel word?

"Ek sal hulle aanraai om dadelik die verkragting aan te meld en 'n klag te lê. Ek sou ook dadelik mediese en sielkundige behandeling ondergaan het. Ek kon vroeër nooit verstaan waarom meisies nie sulke voorvalle aanmeld nie. Nou het ek meer begrip daarvoor.

"Moet egter nie stilbly as so iets met jou gebeur nie. Vertel iemand wat jy vertrou. Ek voel dikwels soos 'n mislukking. Ek vra myself voortdurend af watter man my sal wil hê. Ek beskou myself as vuil en stukkend en nie as 'n vrou nie omdat ek iewers iets verkeerd moes gedoen het. Ek weet dit is simpel en dit maak nie sin nie."

Tog voel Tinka dat sy op 'n manier geleidelik vrede met haar omstandighede maak. Sy het aan ander die vreugde van ouerskap gegee. Sy het nie die maklike uitweg gekies en haar kind laat aborteer nie.

"Ek het vir die Here gevra om die regte man op my pad te stuur, net soos wat Hy die regte ouers vir my baba gestuur het. My geloof dra my deur hierdie krisis.

"Ek glo die seer sal uiteindelik genees. Ek het die ondersteuning van my ma, my beste vriendin, my dominee, 'n sielkundige en tannie Gerda. Daar is nog baie trane en verwyte, maar dan kyk ek net na Bo. Ek weet ek het die regte besluit geneem."

Ja, Tinka het inderdaad haar baba afgeteken, maar afgeskryf? Nooit.

Om jou kind vir 'n beter lewe prys te gee, is die uiterste opoffering wat enige ma kan maak. M

*Skuilname